Provinsie van die
**OOS-KAAP**
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR**

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING AND REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: ANTWOORDE

**VAK: RELIGIESTUDIES –TWEEDE VRAESTEL**

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 7 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 AmaZulu religion

- Die tradisionele AmaZulu religie erken die bestaan van 'n Opperwese en Skepper wat uMvelinqangi of 'die Eerste Bestaande' genoem word.
- Hierdie Opperwese kan egter nie direk genader word nie.
- Alle kommunikasie word deur bemiddeling van die voorvaders gedoen wat as nader aan uMvelinqangi beskou word.
- Hulle is lewende mense.
- Die AmaZulu religie het 'n vroulike heilige wat uNomkhubulwana genoem word en met vrugbaarheid en landbou geassosieer word.
- Die voorvaders of amaDlozi is baie belangrik in hierdie religie.
- Die isangoma of inyanga is hoofsaaklik gemoeid met voorspellings en tree as tussenganger op tussen die voorvaders en die lewendes. (12)

1.1.2 AKA Religie

- Die Aka is nomadies jagter-versamelaars – iets wat in hul geloofsisteem weerspieël word.
- Daar bestaan groot verskille wat religieuse oortuiging betref tussen die Aka-stamme.
- Alhoewel die Aka glo in die skeppingsgees, Bembe, glo hulle ook dat Bembe sy skeppingstaak kort na die skeppingsdaad laat vaar het.
- Vandag geniet die woudgees, Dzengi, die meeste aandag van die Aka.
- Die Aka glo in reïnkarnasie.
- Die Aka glo ook in hekse en towenaars wat teenspoed oor mense kan bring. (12)

1.1.3 Yoruba Religie

- Die Yoruba word in Wes-Afrika lande gevind.
- Talle Yorubas is as slawe na plekke soos Amerika, Kuba, ens. weggevoer.
- Die Yorubas glo dat die kosmos twee vlakke het, naamlik die hemel en die aarde.
- Die hemel is die plek van Olorun, die opperste god, asook die orishas.
- Daar is talle orishas, maar een van die gewildste is sekerlik Obatala, wat babas vorm en gevolglik hoog geëer word.
- Orunmila, die hoofraadgewer van die gode, is ook gewild.
- Eshu wat vir orde opstaan, is ŉ bedrieërsfiguur, en teenspeler van Orunmila.
- Ander orishas is Shango, die god van die donder, Oya, die godin van die wind, en Oshun, die godin van vrugbaarheid en beskermer van kinders en moeders.
- Voorvaders is belangrik. (16)

1.2

- Kommunisme
- Marxisme
- Fascisme
- Nasionalisme
- Demokrasie
- Sosialisme
- Kapitalisme

(10)

**[50]**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 Inspirasie

- Inspirasie verwys na die asemteug, (krag, kennis) van ŉ buitengewone wese of gesag soos byvoorbeeld ŉ goddelike wese wat in ŉ mens ingaan en by wyse van spreke daardie person se eie asem oorneem.
- Mense mag sê dat daar besit van hulle geneem word deur so ŉ mag of dat hulle ŉ openbaring ontvang het.
- Hierdie betekenisse dui aan dat verskillende mense op verskillende tye gevoel het dat hulle ŉ baie spesiale, direkte en onmiddellike toegang tot ŉ dimensie van bestaan, ŉ begrip van mag wat alledaagse ervaring oorskry, beleef het.
- Sodanige inspirasie mag ŉ soort gesag hê.
- Hierdie mense put sekondêre inspirasie uit die oorspronklike primêre inspirasie. (20)

2.1.2 Mondelinge tradisie

- Die oorspronklike inspirasie was aanvanklik deur die orale tradisie oorgedra.
- Die oorspronklike boodskap was mondelings van een persoon na ŉ ander oorgedra, en van een geslag na ŉ volgende.
- So ŉ orale tradisie kan getrou vir honderde en selfs duisende jare oorgedra word.
- Skryfkuns is ŉ redelike onlangse uitvinding.
- Dit is ŉ normatiewe bron van hoogste belang dwarsdeur religie-geskiedenis. (10)

2.2
- Gee aan hulle verantwoordelikheid in die gemeente.
- Werkswinkels om hulle in te lig rondom hul siekte.
- Pastorale versorging.
- Maak hulle betrokke by aktiwiteite.
- Betrek hulle by projekte soos tuinbou, houtwerk, ens.
- Voorsien hulle van gesonde voedsel.
- Kry professionele mense om hulle te help.
- Lei andere op om hulle te versorg.
- Vra hulp van regeringsinstellings.
- Maak die gemeenskap bewus van die gevolge van die siekte.
- Gebruik religieuse geboue as sopkombuise om hulle te voed.
- Ondersteun hulle geestelik. (20)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Christendom

- Ten spyte van verskille wat religieuse inhoud betref, toon die Christendom dieselfde patroon in die ontplooiing van ŉ geskrewe tradisie, as Judaïsme.
- Die Christendom het die Hebreeuse tradisie aanvaar en vertolk dit vanuit sy eie religieuse perspektief.
- Dit het daarna sy eie versameling tekste, wat as goddelike openbarings aanvaar is, saamgestel.
- Na die dood van Jesus is die goeie nuus omtrent hom en sy boodskap mondelings oorgedra.
- ŉ Groot deel van die evangelies was binne twee dekades na sy dood neergeskryf en in sirkulasie.
- Die vasstelling van die Christelike kanon was ŉ lang proses wat slegs teen die einde van die vierde eeu gefinaliseer is.
- Die eerste apostels is as die bron en borge van die ware tradisie beskou.
- Dwarsdeur die geskiedenis van die Christendom het kerkleiers en teologiese geleerdes uit verskeie denominasies ŉ sterk tradisie van kommentare gevestig.
- Ook in die Christendom bestaan daar stelle van totaal verworpe asook laer orde boeke.
- Dit staan bekend as apokriewe boeke. (20)

3.2 3.2.1 Christendom

- Daar is verskillende sieninge oor aborsie in verskillende Christelike denominasies.
- Die meeste Christene is teen aborsie.
- Diegene wie teen aborsie argumenteer glo dat mense na die beeld van God geskape is.
- Lewe, word geglo is ŉ geskenk van God.
- Alle vorme van lewe is heilig.
- Menslike lewe begin met bevrugting.
- Die fetus moet gerespekteer word as ŉ vorm van lewe.
- Die vernietiging van die fetus word as moord gesien.
- Sommige Christene is teen aborsie as ŉ vorm van geboortebeperking. Hulle sal egter daartoe instem indien die moeder se lewe in gevaar is.
- Verantwoordelike gedrag is belangrik vir ŉ Christen se verhouding met God.
- Jongmense word aangemoedig om hulle van seks voor die huwelik te weerhou. (16)

3.2.2 Islam

- Hulle het verskillende opinies oor aborsie.
- Islamitiese wet sê nadat die fetus volkome gevorm is en ŉ siel ontvang het, word aborsie verbied.
- Hulle verskil oor wanneer die fetus ŉ siel ontvang.
- Een tradisie glo dat die fetus 120 dae na bevrugting ŉ siel ontvang.
- Volgens hierdie tradisie is dit toelaatbaar vir ŉ swanger vrou om ŉ aborsie (om ŉ aanvaarbare rede) gedurende die eerste 120 dae van swangerskap te hê.
- Sommige tradisies redeneer dat die fetus ŉ siel met bevrugting kry.
- Volgens hierdie siening is aborsie op enige stadium verbode.
- Beide tradisies laat aborsies toe wanneer die moeder se lewe in gevaar is.
- Die lewe van ŉ moeder is belangriker omdat sy ander verpligtinge en verantwoordelikhede het.
- Die fetus het geen verpligtinge en verantwoordelikhede nie.
- Voorhuwelikse seks en buite-huwelikse seks word as moreel onverantwoordelik beskou. (14)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Uniekheid van Hindoeïsme

- In teenstelling met ander religieë, het Hindoeïsme nie ʼn stigter nie.
- Dit het geen verenigde geloof of lering nie.
- Dit is oop en verdraagsaam ten opsigte van kultuur en sosiale invloede.
- Dit kan as ʼn politeïstiese religie gedefinieer word.
- Binne Hindoeïsme is daar ʼn geloof in een godheid wat in verskillende vorme as ander gode kan verskyn.
- Die meeste Hindoes verkies om een godheid as ʼn oppergesag, soos Shiva of Vishnu, te aanbid.
- Hulle glo dat daar baie godhede bestaan en dat hulle deel uitmaak van hulle gekose Opper God. (14)

4.2 4.2.1 Menseregte

- Die geloof dat die mens na die beeld van God geskape is is ʼn inherente deel van die leringe van Christendom, Judaïsme en Islam.
- Omdat mense na die beeld van God geskape is moet mense respekteer word soos wat God respekteer word.
- Omdat die mens ʼn geestelike wese is moet hulle gerespekteer word.
- Menseregte, soos deur die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie gedefinieër word, is die basiese regte wat elke mens het, bloot omdat hulle mense is.
- Hierdie regte is uiteengesit in die Handves van Menseregte wat deel uitmaak van die Grondwet van Suid-Afrika.
- Dit behoort aan almal, en daarom moet alle mense andere se regte respekteer.
- Elke mens moet respekteer word. (14)

4.2.2 Religieuse Vryheid

- Die konsep van religieuse vryheid impliseer dat enigeen oral die vryheid het om te glo wat hulle wil aangaande God.
- Mense moet toegelaat word om die geloof van hul keuse te beoefen.
- Dit beteken dat mense nie gedwing kan word om tot ʼn ander religie te bekeer nie.
- In 1948 het die Verenigde Nasies religieuse vryheid tot ʼn universele reg verklaar.
- Die uitvoering daarvan verskil van land tot land.
- Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir religieuse vryheid. Dit verbied onregverdige diskriminasie, wat op geloof gebaseer is, teen enigeen. (12)

4.3 Mite en verhaal

- ʼn Mite is ʼn storie van bonatuurlike wesens van die vroeë tye wat deur mense geglo word as waar.
- Mites verduidelik hoe ongewone natuurlike verskynsels en sosiale gewoontes ontstaan het.
- Mites word ook gebruik om die dieper betekenis van die lewe te verduidelik.
- ʼn Verhaal is ʼn weergawe van gebeure, ondervindings, ens.
- Die doel van ʼn verhaal is morele leringe.
- Mites en verhale is belangrik in Religiestudies omdat dit verslag gee oor die stories van verskillende religieë.
- Mites en verhale help mense om hul kultuur en religie te verstaan. (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**